PRIVAATSKOOL MORIA

☎ **Tel** : (00264) -67 313 051 🖷 **Faks** : 067 313 023
Posbus 408, Outjo, Namibië, 9000 **Web** : www.privaatskool-moria.com
@ **E-pos** : admin@psmoria.com

OMSENDBRIEF NR. 1

13 Maart 2020

Geagte ouers

■ SKOOLSAKE:

Ons het alreeds met spoed weggespring en met 'n baie besige program in die eerste termyn, lê die vakansie ook sommer om die draai. Neem asseblief kennis van die volgende sake:

- **PERSONEEL:**

  Baie welkom aan al die ou en nuwe personeel wat terug is by die skool en 'n spesiale welkom aan me. Hester van Zyl wat by ons aangesluit het en uithelp met Afrikaans (Gr. 5 – 7). Ek glo en vertrou dat ons almal lekker sal saamwerk en hierdie jaar sommer goed sal verloop.

- **LEERLINGE:**

  Baie welkom ook aan die nuwe leerlinge wat vanjaar by Moria aangesluit het. Hoop julle gaan baie gelukkig wees by Moria. Moria se leerlinggetal staan tans op 204.

- **IEB-VAKVERGADERINGS:**

  Donderdag, 19 & 20 Maart vind die NAPSO akademiese vergaderings te Windhoek plaas. Al die onderwysers is hier betrokke en die P/S-atletiek vind dan ook dieselfde naweek plaas. **Daar sal dus GEEN skool wees op Vrydag, 20 Maart nie. Die skool sal dan ook reeds Donderdag, 19 Maart om 12:00 sluit vir almal,** aangesien die onderwysers se IEB-vergaderings reeds die namiddag in Windhoek begin en ander aktiwiteite wat plaasvind.

- **"MID-TERM"-WEEK:**

  Ons herinner u aan die week van 23 tot 27 Maart 2020 soos op die jaarprogram. Na vele oorwegings en aktiwiteite – Napso-atletiek (Swakopmund) & Woestynfees (Walvisbaai) wat in hierdie week plaasvind, is Moria genoodsaak om te sluit vir 'n "mid-term". Die skool sluit dan op **Donderdag, 19 Maart om 12:00 en begin weer op Maandag, 30 Maart 2020 om 07:00.** Daar is 'n groot groep leerlinge van Moria wat by die Woestynfees se rugby en netbal betrokke is wat dan ook nie in die skool sal wees nie.

- **AKADEMIESE PRYSUITDELING:**

  Moria se akademiese prysuitdeling (Gr. 4 – 11) het ook reeds die afgelope tyd plaasgevind en die volgende leerlinge was Moria se Dux-leerlinge vir 2019:

  - Senior Primêre Dux - Caitlyn Smith
  - Junior Sekondêre Dux - Christof Steenkamp

- **LAERSKOOL LEERLINGRAAD:**

Ons het op 'n bestuursvergadering besluit om 'n nuwe sisteem in te stel by Moria rakende die leerlingraad. Daar was vir 'n geruime tyd net 'n hoërskoolleerlingraad en ons het die goed deurdink om 'n laerskoolleerlingraad ook in te bring by Moria om die laerskoolleerlinge te hanteer en sodoende kry hulle ook die geleentheid om selfstandigheid en leierskap vir die hoërskool te ontwikkel. Dit werk huidiglik baie goed en hulle geniet ook hul pligte en werk wat van hulle verwag word om te doen. Die graad 7-klas gaan dan ook onder leiding van hierdie leerlingraad verantwoordelik wees vir sekere funksies gedurende die jaar. Die leerlingraad is deur die laerskoolleerlinge gekies en die volgende 4 leerlinge is gekies:

- Kaylen Burger (Prefek)
- Willemien Simon (Hoofmeisie)
- Franko Engelbrecht (Hoofseun)
- Kerneels Labuschagne (Prefek)

Baie geluk aan hierdie leerlinge. Ons wens hulle voorspoed toe met hul nuwe uitdaging.

- **AFWESIGHEIDSVERLOF - LEERLINGE:**

Ons het nou 'n nuwe sisteem by die skool ingebring was afwesigheid van leerlinge aanbetref. Die rooi briefies wat in die verlede saam met die kind huis toe gestuur is om geteken te word deur ouer en weer teruggestuur is skooltoe, word nou anders hanteer. Indien u kind vir enige rede die skoolterrein moet verlaat vir res van die dag, sal die sekretaresse die ouers bel (koshuismatrones vir koshuiskinders). Die ouer/matrone moet self skooltoe kom om die kind te kom haal en 'n ander rooi briefie word ingevul en geteken deur ouer/matrone wat dan direk teruggee word aan die sekretaresse. Die skoolhoof teken dan die briefie en mag die kind dan die terrein saam met ouer/matrone verlaat.

Jammer vir die ongerief, maar daar is ongelukkig heelwat redes waarom ons hierdie situasie moes verander. Indien u kind glad nie skooltoe kom op 'n dag nie, MOET u 'n e-pos/brief stuur na die kantoor. (Whatsap of sms'e word nie aanvaar nie - u kan wel nog steeds die registeronderwyser in kennis stel, maar die kantoor moet skriftelik in kennis gestel word. Baie dankie vir u begrip.

- **PROJEKTE:**

- **Die Valentynsdans:**

Baie dankie aan Me. Lerine Miller-Olivier, die Gr. 11-leerlinge en hul ouers wat hard gewerk het om hierdie projek te laat plaasvind. Dit was 'n besonderse mooi geleentheid en het goed afgeloop. Hierdie is 'n Gr. 11-projek en die fondse gegenereer gaan na die Gr. 11's vir hul matriekafskeid. Nogmaals baie dankie aan hierdie mense.

- **Mnr. & Me. Moria:**

Die Mnr. & Me. Moria het ook so pas plaasgevind en was 'n groot sukses. Baie geluk aan die volgende leerlinge wat aangewys is as wenners van die volgende:

■ Mnr. Moria	- Luka Kruger
■ Mej. Moria	- Melissa Smith
■ 1ste Prins	- Yoshua Otto
■ 1ste Prinses	- Laurika Burger
■ 2de Prins	- Naudé Krone
■ 2de Prinses	- Belinda Cronjé
■ Mnr. Fotogenies	- Yoshua Otto
■ Mej. Fotogenies	- Lize Kotzé
■ Mnr. Persoonlikheid	- Yoshua Otto
■ Mej. Persoonlikheid	- Melissa Smith
■ Mnr. Kreatief	- Luka Kruger
■ Mej. Kreatief	- Laurika Burger

Baie dankie aan Me. Amorien Grobler, alle betrokke ouers en kinders wat weereens hard gewerk het om van hierdie glasgeleentheid 'n groot sukses gemaak het. Ons kinders was pragtig en ons het goeie terugvoering gekry. Baie dankie ook aan al ons borge - u oop hand bly vir ons 'n riem onder die hart, want u bereidwilligheid om te help en bydraes te maak, help ons om van hierdie geleentheid 'n sukses te maak. Nogmaals baie dankie.

- **SPORT:**

  - **Interhuis-atletiek**:

'n Geslaagde interhuis-atletiek het plaasgevind en die uitslae was as volg:

- Die rooispan wen die blouspan met 45 punte.
- Die blouspan weggestap met die trofee vir die beste gees van die byeenkoms.
- Die onderskeie trofeewenners is as volg:

- Junior Primêre Victrix Ludorum	- Jana Meyer
- Junior Primêre Victor Ludorum	- Gerdu Engelbrecht
- Senior Primêre Victrix Ludorum	- Karlien Scholtz
- Senior Primêre Victor Ludorum	- Ruan Brand
- Junior Sekondêre Victrix Ludorum	- Cari Holtzhausen
- Junior Sekondêre Victor Ludorum	- Ryno de Sousa
- Senior Sekondêre Victrix Ludorum	- Ilona de Jager
- Senior Sekondêre Victor Ludorum	- Coena Kühn
- Beste prestasie van die dag (dogter)	- Laurika Burger
- Beste prestasie van die dag (seun)	- Coena Kühn
- Beste sportmangees (dogter)	- Elizma Swart
- Beste sportmangees (seun)	- André Human

  - **Sanlam Ontwikkelingsatletiek-byeenkoms:**

  - Die Sanlam Ontwikkelingsatletiek-byeenkom het gedurende Februarie plaasgevind waaraan 12 skole deelgeneem het. Hierdie byeenkoms het 20 rekords opgelewer. Dit was weereens 'n baie geslaagde byeenkoms en kon Moria hierdie byeenkoms weereens met ywer aanbied. Hierdie byeenkoms is vir die vyfde jaar deur Sanlam geborg. Baie dankie aan mnr. Deon van Zyl (Sanlam) vir sy moeite en insette by hierdie byeenkoms. Die volgende atlete van Moria het trofees ontvang:

  - ■ Beste veldatleet – seun:
    Coena Kühn 0/19 Gewigstoot

  - ■ Beste baanatleet – seun:
    Paul Joubert 0/17 100m

  - ■ Junior Victor Ludorum:
    Gerdu Engelbrecht 0/9

  - ■ Senior Victor Ludorum:
    Coena Kühn 0/17

  - **Edugate laerskool- en hoërskoolatletiek-byeenkomste:**

Bogenoemde atletiek-byeenkomste het ook gedurende Februarie plaasgevind waar 1 hoërskool- en 14 laerskoolleerlinge deelgeneem het. Van hierdie 15 atlete het Moria die volgende medaljes verwerf - 1 brons / 6 silwer / 5 goud. Baie geluk aan hierdie leerlinge.

➢ **Rugby:**

- **Gravity Cup:**

  Die Gravity Cup is 'n hele nuwe gebeurtenis in sport vir Moria en was dit ook die eerste keer dat dit aangebied is by ons. Dit was 'n belewenis vir ons leerlinge wat hieraan deelgeneem het en hulle het dit ook baie geniet. Die volgende spanne het deurgedring na die finale rondtes:

- 0/17 rugby & 0/19 rugby
- 0/15 netbal, 0/17 netbal & 0/19 netbal

➢ **Boogskiet:**

Die afgelope tyd het die NASP Boogskiet-kompetisie te Outjo plaasgevind (so tussen die heerlike reën deur) en was 'n baie geslaagde byeenkoms - 102 skutte het deelgeneem aan hierdie kompetisie en die volgende Moria-leerlinge is opgeneem in die Namibiese en Ontwikkelingsspan:

- Jean Cronjé - (Namibiese span)
- Belinda Cronjé - (Ontwikkelingspan)
- Johan Raes - (Ontwikkelingspan)

Die afgelope naweek het hierdie leerlinge ook aan die NASP Ranking Shoot te Windhoek deelgeneem en het Jean Cronjé 'n brons-medalje verwerf in die "Combined" rondte. Me. Michelle Botha (sportorganiseerder by Moria) het ook aan hierdie byeenkoms deelgeneem en is opgeneem in die Nasionale AAG boogskietspan. Baie geluk!

➢ **Belangrike datums vir res van termyn om te onthou:**

- 14 Maart - O/13 Noorde rugbyproewe (9:00 - Outjo)
- 20 - 29Maart - Moria geen skool ("mid-term" – Napso-atletiek (Swakop) & Woestynfees (Walvis)
- 30 Maart - Moria begin om 07:00
- 03 April - H/skool-rugby streekproewe (Outjo)
  - Kuberfees inhandigings sluit
- 04 April - Raadsbeker (Outjo)
- 09 April - Moria sluit (11:00)
- 11 April - NAPSO Ranking shoot (Swakopmund)
- 17 - 18 April - O/13 Nas. rugbyproewe
- 18 April - Nas. atletiek-kampioenskappe
- 20 - 25 April - Cossasa afrigtingskamp
- 29 April - 03 Mei - Cossasa atletiek (Zimbabwe)
- - NASP Afrika toernooi (Swakopmund)
- 01 - 02 Mei - Wildsfees
  - NASP Afrika toernooi (Swakopmund)
  - Cossasa Atletiek (Zimbabwe)
- 04 Mei - Moria personeelvergadering (08:00 – 13:00)
  - Moria ouerdag (14:00) – 16:00)
- 05 Mei - Moria begin
  (Neem kennis dat die skool weer om 7:30 sal begin in die tweede termyn)

- **WILDSFEES:**

Gedurende die Wildsfees vanaf 1 tot 2 Mei 2020 word Huis Onduri-koshuis weer beskikbaar gestel aan die publiek wat van die koshuis se slaapgeriewe gebruik wil maak. Kostes beloop N$ 250-00 p/persoon p/nag en voorskoolse kinders is gratis. Hiermee word koshuisouers vriendelik versoek om hul kinders se kamers te ontruim voor die datum van die Wildsfees. Stoorplek vir ver ouers sal beskikbaar gestel word. Kontak asseblief **vroegtydig vir Me. Jeanette van Wyk** om reëlings te tref in hierdie verband. Kamers wat nie ontruim wil word nie, sal 'n bedrag van N$ 1000-00 vir die kamer moet betaal (by Jeanette) **voor 08 April 2020** om te verseker dat die kamer nie uitverhuur word nie. Baie dankie by voorbaat vir u begrip in hierdie saak.

Moria-groete!

LOUTJIE GROBLER
SKOOLHOOF

■ BEDRYFSAKE:

- **VELLIE-TOEKENNINGS:**

  Privaatskool Moria het weer 2 vellie-toekennings oorhandig by die akademiese prysuitdeling wat die afgelope tyd plaasgevind het. Hierdie prestige toekennings word jaarliks uitgegee om erkenning te gee aan persone wat uitnemende bydraes gelewer het in onderwys en opvoeding in ons dorp wat diens gedoen het binne Privaatskool Moria of in die onderwys buite Moria (in ons omgewing).

  - **Mnr. Kosie Linde -** Eerste voorsitter van Moria (1990 - 1994).
  - **Me. Deidré Rothmann** - Outjo Primêr - vanaf 1958 tot 1996 en Moria vanaf 1997 tot 2019.

- **BAKPRO-KOMPETISIE:**

  Ons herinner u net weer aan die Bakpro-kompetisie wat steeds aan die gang is. Indien u nog broodsakkies bymekaar maak, **die sluitingsdatum vir inhandiging by Moria is Donderdag, 19 Maart 2020,** aangesien die skool sluit op Donderdag vir die "mid-term" week. Baie dankie aan almal wat help om hierdie projek te laat realiseer - nou duime vashou om rekenaar/s te wen.

- **MORIA "BROADCAST"**

  Net weer 'n vriendelike versoek aan alle ouers om asseblief "Moria broadcast" se selnommer op u foon te stoor, anders sal u nie die belangrike inligting/kennisgewings van die skool ontvang nie. Die "whats app" wat u ontvang vir belangrike kennisgewings is baie meer doeltreffend as e-posse, aangesien almal toegang tot 'n selfoon het, maar nie tot rekenaars nie, daarom word daar nou minder omsendskrywes uitgestuur en meer gebruik gemaak van Moria se "broadcast". U naam is reeds op ons lys en daarom is dit belangrik dat u dit op u foon moet stoor as "Moria Broadcast" - die nr. is 0812899670. Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.

NEIL PRINSLOO
BEDRYFSHOOF